

a) Luister na stories en gee eie slot vir die storie.

Ada en die spinnekop

Ada is agt jaar oud en sy woon saam met haar ouers in 'n tepee in Noord-Amerika. Ada se mamma is al vir dae lank siek en die dokter het gesê dat sy in die bed moet bly. Ada besluit een oggend vroeg om vir haar mamma blomme in die veld te gaan pluk. Sy stap tot by die stroompie en pluk blomme wat sy in haar mandjie pak. Ada was nog besig om blomme te pluk toe 'n yslike spinnekop in haar mandjie klim. Toe Ada die spinnekop sien het sy baie groot geskrik. Sy het haar mandjie net daar gelos en al gillende huis toe gehardloop. By die huis het sy haar pa vertel van die groot spinnekop. Pappa het dadelik saam met haar terug geloop en die spinnekop op sy hand laat klim. Hy het vir Ada geleer dat sy nie vir spinnekoppe hoef bang te wees nie.

Skryf nou in twee sinne wat jy dink Ada toe gedoen het. Kyk na die prentjie om vir jou 'n leidraad te gee.



Vertel die einde van 'n storie.						
0-29%	30-39%	40-49%	50-59%	60-69%	70-79%	80-100%
1	2	3	4	5	6	7
Leerder kan nie einde vertel nie.	Einde slegs een kort sin.	Einde twee eenvoudige sinne.	Einde redelik kreatief. Drie sinne. Woordeskat gepas vir Graad 2.	Kreatief Woordeskat goed. Drie baie goeie sinne.	Baie kreatief. Sinne goed uiteengesit. Woordeskat baie goed.	Uitstekende sinne. Baie kreatief. Woordeskat uitstekend.

b) Vertel eenvoudige storie met wisselende stemtoon en volume.

→ Lees die storie van "Ada en die spinnekop" en vertel die storie terug.

0-29%	30-39%	40-49%	50-59%	60-69%	70-79%	80-100%
1	2	3	4	5	6	7
Leerder kan glad nie die eenvoudige storie vertel nie. Wend geen poging aan nie.	Vertel 'n paar feite terug. Sit sommer eie feite insonder om stem werklik te gebruik.	Vertel storie terug in kort eenvoudige sinne. Toon tekens dat hy stemtoon en volume wissel.	Vertel storie terug, maak nog foute. Goeie gebruik van stem.	Vertel die storie goed terug. Baie goeie gebruik van stem.	Vertel die storie baie goed terug. Gebruik stemtoon en volume (uitstekend.)	Vertel storie so te sê woord-voor-woord terug. Uitstaande stemtoon en volume.

c) Praat oor persoonlike ervarings.

Vertel nuus (Eie ervarings; 'n Uitstap/Naweek gebeur.) <u>Mondelinge Punt</u>						
0-29%	30-39%	40-49%	50-59%	60-69%	70-79%	80-100%
1	2	3	4	5	6	7
Wend geen poging aan om iets te sê nie.	Praat in gebroke sinne.	Taalstruktuur nog nie op Graad 2 vlak, maar leerder probeer.	Praat net in eenvoudige sinne.	Praat goed. Goeie taalgebruik. Begin nuus in volgorde te vertel. Vrydagaand Saterdag Sondag, ens.	Goeie detail in vertelling en vertel in duidelike sinne en goeie taalgebruik.	Vertel nuus baie gemaklik met stories en detail om dit te ondersteun. (Uitstekende taalgebruik.)

Gaan na die webwerf www.leer Afrikaans.123 vir FAT 1 Afr. Huistaal Graad 2 Kw 3